**Sondag 2 Augustus**

**Skrifgedeelte: Genesis 19:23-29**
**Fokusgedeelte: Genesis 19:25, 26**

**Lot se vrou – Die moedswillige omkyk om daarna nooit weer vorentoe te kan kyk nie!**

Sodom ... amper soos ’n tweede sondvloed. Verwoesting en uitdelging van alles, mens en dier en omgewing. Regverdiges én regverdigheid het immers in die Sodom- en Gomorraplekke ontbreek. Onbeskaamd onregverdig en daarom onleefbaar vir God se kind. Afgestomp en onaangeraak vir wat eerbaar is. Sodom ... werkplek van hom wat ongeregtigheid aanhits.

In dié spesifieke stad is Lot en sy mense. Terwyl Lot in die stadspoort sit, het twee engele hulle boodskap aan hom oorgedra. God se boodskappers wat sê: “Verlaat die stad!” Weg van die aardse bose en die niksseggende, onregverdige wyse van lewe. Die Here wat sy kind roep en verlos. Die engele-opdrag as draers van die Vader in die hemel se stem en wyse wil.

Lot kry koers. Hulle verlaat die stad. Vorentoe en nie agtertoe nie, én vorentoe kyk en nie omkyk nie! ’n Uittog op God se bevel. Die lewe tegemoet. Vryheid en verlossing en vreugde en vrede. Afgesonder vir die Here.

Lot se vrou kyk egter om. Dit was haar laaste kyk. Sy het God se waarskuwing nie ernstig opge-neem nie. Sy bevel nie kinderlik-getrou uitgevoer nie. Sy moes die gevolge dra. Lot se vrou sterf. ’n Soutpilaar in die soutgrond naby die Dooie See as getuienis van ongehoorsaamheid vir die geslagte. Soutpilaar en stil vir altyd.

Die lewende Here praat egter in en deur die vrou van Lot: “Luister as Ek praat, gee ag op my stem en bevel.”

En jy? Hoor die Here se stem. Hoor en gehoorsaam sy opdrag en bevel. Kyk op en moenie omkyk nie. Onthou Lot se vrou. Dink aan jou eie lewe en omstandighede en om Christus wil:

“As jy vandag sy roepstem hoor,
verhard jou nie,
maar neig jou oor,
merk op die roepstem van sy ontferming” (Ps. 95:4)

*Sing: Psalm 95:6*
*Dr. PH (Pieter) Heystek (Pretoria-Montanapoort)*